# Die WAPAD

## STUDENTEBLAD VAN DIE P.U.K VIR C.H.O.

**Hoofredakteur:** R. G. Kriel. **Besigheidsbestuurder:** H. A. Esterhuizen.
**Sekretaris:** W. J. I. M. du Plessis. **Medewerkers:** D. L. Hattingh, P. J. v.d. Berg.
**Subredakteure:** J. P. B. Viljoen; J. F. Botha; J. F. E. Esterhuizen; Mej. A. Geertsema.

Deel III. No. 6 SEPTEMBER 1948. 2/6 per jaar.


# WEES OPREG . . TEENOOR U MEDESTUDENT

## ONS VOORIE SE AFSKEIDSWOORD

**Die ryp kleure van die herfs; die laat skemeraand wanneer die laaste koei bulkend van die kraalhek wegdraai; wanneer uit die verte die eerste note van kaffergesang weemoedig deur die stilte klink—die dag is afgedaan . . . . dit is wat in my gedagtes opgeroep word . . . . 'n afskeidswoord!**

Met soveel ideale en voornemens is die jaar begin . . . . en die tyd is reeds daar dat „Die Wapad" om 'n afskeidswoord vra. Nee, die blare kan nog nie vol-ryp wees nie! Die herfsdrade sweef nog nie sag-glansend in die gedempte herfslug nie. Ja, ek sien die skemer kom . . . . maar die tortel sug nog nie sy laaste roep nie!

Nee, 'n jaar is veels te kort!

**In baie opsigte is vanjaar fondamentklippe gekap en gelê vir die toekoms. Meestal in stilte. Aan u almal, dames en here, wat dit vir my en die S.R. moontlik gemaak het . . . . 'n hartlike handdruk! Dit is dikwels die stildienende kragte waaruit die grootste dade gebore word.**

Aan u, dames en here, wat u wantroue nie kon ontgroei nie—opbouende kritiek was altyd welkom! (Snipperige vyandigheid is met minagting bejeën).

Onder moeilike omstandighede met oral mense wat regstaan, hande-in-die-broeksak regstaan om te kritiseer, het ons begin en gewerk. Ons het die beste van ons vermoë gelewer. Resultate was nie ons utigangspunt nie . . . ons „Alma Mater"—dit was vir ons die hoofproef in elke saak.


Ons moes dikwels die leisels met vaste hand intrek . . . . ons het altyd probeer om regverdigheid met welwillendheid te paar in 'n besliste optrede.

**P.U.K. is onder die Universiteite klein, maar groots! Dien hom met ywer en toegewyde liefde en u dien terselfdertyd u God en u volk! Bid en werk . . . . . ja, dit geld ook vir die studentelewe! Wees opreg, regverdig, onbevooroordeeld, welwillend en beslis, vervul met liefde teenoor u medestudent. Laat vaar die skeptisisme en wantroue wat daar nog onderling skuilhou en dra mekaar se laste in 'n gees van blymoedigheid . . . . en P.U.K. sal vir u waarlik wees „my Alma Mater."**

Soveel ideale sou ek nog wou uitwerk tot konkrete dade . . . . maar die jaar het heengegaan. 'n Nuwe voorsitter wag op die taak . . . . met nuwe ideale! Ja, dit stem 'n mens weemoedig . . . . 'n jaar lank hard gewerk . . . . 'n jaar waarin elke P.U.Kaner jou na aan die hart gekom het . . . . en nou die einde: 'n afskeidswoord!

**Ek groet u met die warm handdruk van 'n vriend!**

J. J. VAN DER WALT.



MNR. J. J. v.d. WALT
(Blok geleen deur die redaksie van „Die Nuwe Perdeby," Universiteit van Pretoria).

'n Vrou se raad is nooit iets werd nie, maar net die dwaas weier om dit aan te neem.

ELKE DAG VARS

TURKSTRA SE BAKKERY

BROOD EN ALLE KOEKSOORTE.

RAADPLEEG ONS VIR

BRUIDSKOEKE.

Foon 282. Foon 282.
KERKSTRAAT 37,

DE KOCK'S
ELEKTRIESE DIENSTE

"Frigidaire" Yskaste,
Radios,
Verligting Toestelle
EN ALLE
Elektriese Toebehore.

Takke: Klerksdorp, Lichtenburg, Blyvooruitzicht.

KOM SIEN ONS
vir u
Fotografiese- en
Aptekersbenodighede.

GEEN EN VELLEMAN,
KING EDWARDSTRAAT,
POTCHEFSTROOM.

*Die Wapad.*
SEPTEMBER 1948.

# SO BLY EK BY MY VOLK

Dit gaan oor 'n praktiese saak. Om by my volk te bly is 'n aktuele, elke-dagse saak. Dit gaan nie oor 'n teorie om kunsmatige bande te versterk en gedwonge houdinge in te voer nie. Dit gaan oor 'n organisasie, Godgewilde saak, 'n saak van roeping en dure plig wat in wese by alle boere aanwesig is, maar deur **sommige verwaarloos word, deur ander onverskillig eenkant toe geskuif word en deur ander om vuil gewin verraai word.** En dit is die saak: Ek moet by my volk bly! 'n Eenvoudige woord waarop ons geredelike antwoord is: Ek bly mos by my volk.

Ook hier egter soos met so baie ander dinge, bly dit my gedurige kwelling, moet dit my aktuele kwelling bly—'n gedurige reoriëntering t.o.v. my houding, gedrag, uitsprake, beginsels betreffende my volk. **Hier is dus nodig—weer soos op alle ander terreine—gedurige selfondersoek—en juis hieraan is daar in ons tyd 'n skromelike gebrek.** Ons leef in 'n tyd waarin dit nie net op die paaie gebeur dat ons die spoedbeperking oorskry nie en die spoedbeperking self word nie meer getoets aan die drafspoed van 'n goeie perd nie. Dit wat ons tot nadenke moet stem—die bergeveld, rantjiesveld, bosveld, beeste langs die pad, kaffertjies wat in die sand speel—dit suis by ons verby sonder om opgemerk te word. Al ons aandag is op die pad om die ligvoetige gevaarte waarin ons ry onder beheer te hou. So is dit—ons ore is weens die suising doof vir die bergeveld van ons ervaring, vir die ranteveld van ons pyn, vir die kaffertjie-in-die-sand van ons medemens se behoefte.

**Selfondersoek**—al sou mens student wees. Dit is geensins bokant die waardigheid van 'n boekwurm-, of sportsman of grappies-student nie. Selfondersoek is 'n dam waarvan jy maar altyd die onderste sluis moet ooptrek, anders spoel die dam toe—en, om by die beeld te bly, jou beeste sal op een of **ander tyd daarin vasval!**

Selfondersoek—want hy wat homself nie ken nie, kan met geen **positiewe** lewens- en wêreldbeskouing hom na buite laat geld nie. Hy is die verdwaalde, koerslose.

Selfondersoek—dit bewaar mens van hoogmoed, persoonlike chauvinisme, want dit bring tot indringing in die diepste skatkamers van swakheid, onbeholpenheid, gebreke—en jy sal geen rede vind om hoogmoedig te wees nie!

En nou hierdie saak: **Laat ons as studente ons self ondersoek, gedurig, t.o.v. my houding teenoor my volk.** Sal ons dalk by ernstige navorsing nie sommer gou al hierdie saak (—dit sal nie die enigste wees nie)—ontdek nie: **Is ek nie besig om kontak te verloor met dit wat die diepste ten grondslag lê aan my volk en wat my volk eie is nie?**—En hierdie vraag is by uitstek gestel aan ons hedendaagste Boere-student! Ek bedoel om die geskiedenis nie stadig besig is om homself te herhaal t.o.v. wat 'n veertig, vyftig jaar gelede die geval was, toe om universiteit toe te gaan noodwendig meegebring het vervreemding van nasionale eie en nasionale tradisie—en in party gevalle selfs vervreemding van die Godsdiens van die vadere!

Ons maak nie beskuldiginge nie—alleen maar wil ons u bring tot selfondersoek en stel as aanvangspunt 'n sterk moontlikheid!

En as ons ons wil toets t.o.v. hierdie saak—daar is gelukkig nog 'n toetssteen—(nie 'n onfeilbare nie, sodanige is daar maar net een wat algemeen geldend is—die Woord van God): ons eenvoudige moeders en vaders op die **plase.** Op die plase, ja, met nadruk, en onder hierdie roemwaardige kategorie van „eenvoudige moeders en vaders op die plase" kan ons nie baie meer inskakel nie. Hulle het skaars geword, maar hulle is nog daar, **manne en vroue wat die Woord van God as toetssteen gebruik en gebruik het by hulle selfondersoek oor baie jare!** En mens herken hulle—o ja, jy herken hulle! Groet hulle maar —hulle vingers is hard en krom van jare se getroue werksaamheid; en as hulle oud is, krom van verwering uit die jare toe **„Mauser sy hemp en die saal sy broek was."** Om van die moeders nie eers te praat nie!

**Hulle praat 'n taal—ken ons nog die taal en verstaan hulle ons as ons praat? As hulle kopskud en hulle oë vraend bly as jy praat—weet dit:—dis**

jy wat 'n vreemde taal praat!

Kom ons soek na hierdie mense op die plase in vakansies. Laat ons werk by hulle vir gesonde kos en min geld as die akademiese jaar verby is. Laat ons hulle taal leer praat. Laat ons die aarde waaruit ons vaders geleef het leer ken. Laat die rooidag ons vir twee en 'n half maande agter die ploegstert, of skoffelstert of met die sweepstok kry. **Dan sal die grondreuk vasslaan in ons longe; ons sal nie hooghartig lag as ons van 'n bokkie af gegroet word: Dag Niggie, dag Nefie! ons sal nie van-beter-weet opkyk by die boekevat saans nie.**

**Ons sal boere bly!**

**G. B. S. PASCH.**

# ONS GROET U!

Weereens staan ons aan die einde van nog 'n jaar se werksaamhede en al wat nou nog voorlê is . . . . die eksamens!

Aangesien dit die laaste uitgawe van Die Wapad vir hierdie jaar is wil ek van die geleentheid gebruik maak om my opregte dank oor te bring, in die eerste plek, aan die redaksie en administrasie wat my tot in die kleinste besonderhede trou bygestaan en gesteun het. Die mate van tevredenheid waarmee Die Wapad vanjaar steeds deur die studnte ontvang is, asook die sukses in die stryd om die blad self-betalend te maak, moet alleen aan die ywer wat die lede van die redaksie en administrasie aan die dag gelê het, toegeskryf word.

Verder kan ek nie nalaat om die name van die volgende persone, wat wel nie op die redaksie gedien het nie maar tog baie bygedra het tot die sukses van die blad, te noem nie. Hulle is **Mnre. A. Smit,** en **M. Venter** wat gehelp het met die distribusie van Die Wapad, en **Mnr. N. W. Ligthelm** op wie die moeilike taak gerus het om te sorg dat die oud-studente gereeld die blad ontvang. Namens die redaksie ons opregte dank. Wees verseker dat deur u hulp, bystand en opoffering u 'n diens bewys het aan u Alma Mater wat nie gou vergeet sal word nie.

Aan **Die Westelike Stem** en in besonder **Mnre. Pienaar** en **Bosman,** wil die redaksie sy dank en waardering uitspreek vir die getroue en deeglike diens wat ons gedurende die jaar van hulle ontvang het.

Ten slotte wil ons al ons lesers bedank vir die vriendelike samewerking en opbouende kritiek, wat ons in die loop van die jaar ontvang het. Sonder u samewerking sou ons eenvoudig nie die blad kon uitgegee het nie. **Ons wil ook op u almal 'n beroep doen om die nuwe redaksie wat die werk volgende jaar sal voortsit tot nog 'n groter mate te ondersteun, sodat ons almal met trots sal kan praat van ONS studente-blad—dit kan alleen bewerkstellig word as u almal meehelp en nie verwag dat die redaksie alleen al die werk moet doen nie.**

Aan alle Pukkies: Sterkte met die naderende eksamens en mag u werk van die afgelope jaar met sukses bekroon word—daarna 'n aangename vakansie, 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige Nuwejaar.

**Lank lewe Die Wapad!!**

ONTMOET U VRIENDE
by die
SONSKYN KAFEE
en luister na u
EIE KEUSE MUSIEK

DRIE BEROEMDE
1/6 GENEESMIDDELS:
Alma Hartdruppels,
Metafos: die groot senuweeversterker,
Maxo Poeiers vir Hoofpyn, Rumatiek en Griep.
S. M. LEWIS, BEP.,
APTEKERS,
POTCHEFSTROOM.

SELMA'S
TEE-KAMER
KING EDWARDSTRAAT 87.
BESOEK SELMA'S TEEKAMER,
waar u in stilte en netheid
VERVERSINGS, ETES ens.
KAN GENIET.

KOM NA
POTCHEFSTROOM
HANDELAARS
Die mees bekende Afrikaanse Handelaars.
Fone: 259 & 250.
KERKSTRAAT,
POTCHEFSTROOM.

C. VAN DER MERWE
KERKSTRAAT 92,
POTCHEFSTROOM.
* * * *
Fietse en Fietsonderdele
en Reparasies.

# M. B. BLOCH

**KERKSTRAAT.**

HUISRAAD, STOWE

en

STOOFPARTE

# GILFILLAN EN STROH

**POTCHEFSTROOM.**

FIETSE EN FIETSREPARASIES

*Die Kwaliteit tel altyd.*

Probeer hierdie vir Ekenomiese en durende gemak.

* * *

Sportbaadjies—Embassy.
Sportbroeke—Alba.
Sportskoene—Master 6.
Nuutste Hoede—Battersby.
Pakke Klere—Perfection.
Reënjasse—Durburg.
Pijamas—Monatic.
Hemde—Consulate.
Onderklere—Meridian.
Dasse—Tootal.
Kouse—Wolsey.
Kruisbande—Guyot.

* * *

ALLES VERKRYGBAAR BY

# TOD SUTTIE'S

**Die Mans Klerewinkel.**

# CORNER FRUIT STORE

VIR

VARS VRUGTE EN GROENTE

DAELIKS.

• • •

**HOEK VAN KING EDWARD EN RETIEFSTRAAT.**

**Foon 118.**


# *Ons Lesers aan dis Woord . . . . . .*

Geagte Redakteur,

'n Mens kan nie anders as om „Die Wapad" geluk te wens met die wyse waarop dit 'n plek verower het in ons studentelewe die afgelope jaar nie. Dit is veral verblydend dat ons studente „Die Wapad" al hoe meer as hulle blad beskou, en dus daarin uiting gee aan hulle standpunte; veral waardeer 'n mens dit dat ons losgekom het van die geredekawel oor „die verhouding tussen mans en dames, en dat sake van waarlik intense belang vir ons studentelewe aangeroer word.

Ongelukkig vind ek dit nodig om 'n waarskuwing te laat hoor. 'n Mens moet versigtig wees om . . . nou ja, dit word altyd waardeer as iemand reguit en openlik 'n saak uitpraat, maar daar moet gedurig met groot versigtigheid gewaak word teen eiegeregtigheid. Praat reguit, ja—maar ondersoek eers jou saak deeglik en sorg dat vir elke woord wat jy „reguit" sê, jy met albei voete op onomstootlike feite staan. Wees selfs dan nog versigtig waar en wanneer jy „reguit' 'praat, en—en alle tye!—**moenie oordeel nie!**

Ek maak die opmerkings na aanleiding van krasse uitdrukkings in die jongste Wapad.

„Die hardkoppige houding van die Senaat"—dit is beslis woorde wat 'n student nie betaam om teenoor die Senaat te gebruik nie; kinders teenoor hulle vaders!

**Nou wil ek erken dat die Senaat se weë in baie opsigte vir ons studente duister is—en juis daarom is 'n mens geneig om die vinger na hulle te wys wanneer ons voel (en hoe dringend voel ons dit nie soms nie!) dat die beginsels waarvoor ons P.U.K. lief het bedreig word.** Maar om dan sommer te beweer: „P.U.K. is nie meer 'n Universiteit vir C.H.O. maar vir £.s.d."—**dit is bevooroordeeld en lasterlik!**

**Ek waardeer dit baie dat die probleem van ons studentelewe buite die S.R. om onder aandag van die Senaat gebring is. DIE S.R. HET DIT SELF OOK GEDOEN. En saam met u hoop ek, is ek seker daarvan, dat die saak die ernstige aandag van die Senaat sal geniet, en ek het VOLLE vertroue dat hulle die BESTE sal doen.**

Met „Gebelgd" wil ek ook graag saamstem dat die toestand van die waens 'n mens hinder—maar ek is bevrees ook „Gebelgd" was te gebelgd en het hom skuldig gemaak aan bewerings wat van vooroordeel nie vry te pleit is nie.

Ons het nie eens genoeg koshuise nie . . . die land deur moet gekollekteer word terwille van selfstandigwording, om te verhoed dat ons saam met Ford Hare die Universiteit van S.A. sal vorm! . . . en dan so 'n beskuldiging op grond van die gebrek aan 'n vertoonkamer vir Voortrekkerwaens!

(Tussen hakkies—die ou meul, self 'n historiese gebou, word in orde gebring vir die huisvesting van alle oudhede vir bewaring van P.U.K.)

Laat ons in hierdie verband liewer vra: Waarom is ons studente so laks met die doen van landsdiens? (Dink aan die skoffel van die konsentrasiekamp-kerkhof!) Was dit nie die geval nie dan kon onsself lankal 'n plan gemaak en die toestand verbeter het! Maar dit sus die gewete om met die vinger van onsself af weg te wys.

Kom broers, kom ons doen self iets!

J. J. v.d. WALT.

* * *

Geagte Redakteur,

Ons ken ongeveer almal die geskiedenis van die Vreugdedag van vanjaar. In die eerste plek is dit van die Tweedejaars afgeneem, en in die tweede plek het ons dit met allerlei verskonings gebêre vir volgende jaar, dit nadat die Owerhede besluit het dat ons dit nie moet hou nie, wat die redes daarvoor ookal was. Ons studente moes toe besluit om dit vanjaar te hou of volgende jaar. Die studente het halfhartig en willoos besluit op laasgenoemde—'n baie mooi en gehoorsame gebaar! Ek het niks teen gehoorsaamheid nie, inteendeel. Maar hierdie saak het daar niks mee te doen nie. **Dit gaan immers om ons studenteregte.**

Dit is die halfhartige en willose manier waarop ons ons hierdie regte laat ontneem, waarteen ek dit het. **Ons is nie bereid tot enige stryd en vasberadenheid en saamstaan as dit daarop aankom nie.** Ons het hier 'n besliste nederlaag gely sonder dat ons bereid was om iets te doen—dis die oneervolle daarvan. Die manier waarop ons ons regte prysgee, is beslis beskamend vir 'n studente gemeenskap. Daarmee bedoel ek nie dat ons 'n boewe-lawaai moet opskop nie, **maar dat ons vasberade en ferm moet behou wat ons toekom.**

**Die nederlaag wat ons gely het, is**

**vir die Owerhede voldoende bewys dat daar geen geeskrag in ons studentelewe is nie. Dat daar 'n lamsakgees oor ons toegesak het, waaraan ons ons nie meer kan ontworstel nie.**

Hierdie lamsakgees openbaar hom in 'n trae belangeloosheid, 'n traak-my-nie-agtigheid, en 'n tragiese onkunde aangaande ons studentelewe en ons volkslewe daarbuite. Dan laat ons maar alles by ons verbygaan en bejeën alles met 'n kinderagtige, onkundige, lamme, meerderwaardigheid. **Ons is te moeg vir nadenke en aktiewe optrede.** Dis of die warm jong bloed besig is om in ons are te stol, en ons liggaamlik en geestelik uit aksie te stel. **Ons is tot niks anders as 'n oppervlakkige geklets oor minderwaardige onderwerpe instaat nie. Kennis van en belangstelling in die diepere dinge van die lewe moet by ons nie gesoek word nie. Dikwels dryf ons die spot daarmee.**

'n Gesonde, geestige, spontane vrolikheid en lewensvreugde word nie meer by ons gevind nie. Ons humorsin is blykbaar geheel toegespits op die suggestiewe dinge van die lewe. Ja, en ons is verskriklik **witty.** Daaroor kan ons skater tot diep in die nag, 'n luidrugtige geskater wat ons leegheid openbaar, daars geen sonnige klank meer in ons lag nie.

**Ons studentelewe is sonder 'n warme, gulle, spontane lag, dis sting en star, leweloos en koud, leeg en inspirasieloos, en dikwels agterbaks. Kameraadskapsgevoel, eenheids- en samehorigheidsgevoel verlaat ons studentelewe, en laat dit verbrokkeld, onbeduidend en kwynend agter. Waar is die gesonde beskouing oor sake? 'n Studentegemeenskap wat geen gesonde beskouing oor sake het nie—dis die onwaardige van enige studente gemeenskap.**

Dit help ons nie om die dinge te ontken of dit op ander te skuif nie, **laat ons dit liewer eerlik aan onsself ontdek en ons selfingenomenheid van ons afskuif en opnuut begin, begin om die P.U.K., ons dorp, en ons volk verryk met al die mooi dinge wat groei uit 'n gesonde en geeskragtige studente gemeenskap. Laat ons bestaan vir ons volk iets beteken.** Blaai maar terug in die geskiedenis en u sal talle studentename vind in ons nasionale, en ons taalstryd, veral in die Tweede Taalbeweging. En ons?

**Laat ons weer begin, elkeen by homself, en laat ons daardie spontane lewensvreugde en daardie eendragtige optrede terugkry in ons studentelewe. En laat ons optrede wees één optrede, die optrede van Pukkies. Laat ons onsself as studente maar spieël aan ons Alma-Materlied. Dan is vrolikheid en erns één.**

Ons is nog almal jonk en die bloed bruis kragtig en warm in ons are, en ons leef in sonnige, wye Suid-Afrika, en ons het nie die broodsgebrek van Europa nie; laat ons dus die spontaniëteit en vreugde van die jeug, en sonnigheid en ruimheid van gees aan die wye wêreld wys, maar ook die erns wat ons tyd van ons verg, want, **laat ons dit weet: Ons Volk en Suid-Afrika het ons Nodig! Laat ons onsself in hierdie lig besiën.**

P. G. SNYMAN.

## DANKBETUIGING.

**Aan die Alabama Boereorkes en die Toneel-Voetbal toergeselskap— u opoffering om terwille van ons Alma-Mater u vakansie met 'n vermoeiende toer deur te bring, word ten volle waardeer. Namens die P.U.K. studentegemeenskap en die S.R.—Baie dankie en hartelik geluk met julle sukses, outjies!**

**J. J. v.d. WALT,**
**(Voorsitter S.R.)**

(Vervolg van bls. 6, kol. 2).

gaan beveg, en werklikwaar **al 5 hul kandidate ingekry. Hulle is almal pro-**NUSAS. Die ander 5 van die 10 SVR-lede is 2 Verenigde Party-manne, 2 Afrikaners en 1 is van die sg. Universiteitsgroep. Gelukkig is 'n 2/3 meerderheid nodig om NUSAS weer as 'n studente-organisasie erken te kry. Die moontlikheid is nou definitief daar dat die liberaliste hul sin gaan kry.

PIETER.

(Vervolg van bls. 6, kol 3).

ging wat op die oorwinnaar se ore toegestorm het. Uit opgrawings blyk verder dat daar 'n prys vir die oorwinnaar was. Blykbaar moes dit 'n skuimerige soorts iets gewees het, en aangesien die oorwinnaar sy prys nooit gebruik het nie, lê dit nog ongeskonde in die museum."

Hiermee wens die redaksie nogeens sy waardering aan professor Daanlof uit te spreek vir sy dringende toestemming om sy tesis te publiseer.

„Baie van ons is so besig met die dinge van môre dat ons te moeg is om die werk van vandag te doen."

BLACK'S

DAMES EN MANS

UITRUSTERS

* * *

Posbus 197. Foon 179.

KING EDWARDSTRAAT,
POTCHEFSTROOM.

DU TOIT & ELOFF

Kerkstraat 59, Foon 187.

Mans- en Damesklerasie,
Kruideniersware, Vars
Vrugte en Groente.

DIRK PONS & KIE.

(Afrikaanse Pers Beperk).

BOEKHANDELAARS
EN UITGEWERS.

Agente vir:

"ROYAL" DRAAGBARE
TIKMASJIENE

geskik vir:

Onderwysers en Studente

Posbus 149. Foon 363.
POTCHEFSTROOM.

KOM NA—

**PROTEA HAARKAPPERS**

KING EDWARDSTRAAT 51, POTCHEFSTROOM.
(Regoor Queen's Hotel)

vir
GOEIE DIENS EN NETHEID.

Eienaars:

W. J. van Graan,
P. J. van der Rheede.

# WAT GEBEUR OP ANDER UNIVERSITEITE?

## U. KAAPSTAD.

In die jongste tyd het sake in die studente-lewe hier op die universiteit 'n nuwe wending geneem. U weet natuurlik dat U.K. sy bande met NUSAS gebreek het. Die besluit is eers deur die S.V.R. geneem en daarna op 'n massavergadering **met 'n meerderheid van 10 stemme uit ongeveer 'n totaal van 1000 stemme goedgekeur.** Ek glo nie dat dit onvanpas sal wees om nog iets meer hieromtrent mee te deel nie.

In die verlede was elke ingeskrewe student outomaties lid van NUSAS. 'n Student kon egter bedank, waardeur NUSAS nie sy ledegeld gekry het nie. Gewoonlik het baie min studente die moeite gedoen om te bedank. Waar die Afrikaanse studente nie in NUSAS tuishoort nie, is daar vroeër bedankingsveldtogte georganiseer.

Die U.K.-verteenwoordigers van NUSAS het op hul jongste kongres onder die indruk gekom dat dié beweging te seksioneel geword het. Hulle het NUSAS bedank en in die SVR. die onttrekking van sy steun aan NUSAS deurgekry. Twee SVR-lede wat hulle nie met die besluit kon vereenselwig nie, het bedank. Gevolglik is die S.V.R. ontbind en herkies.

**Die Engelssprekende studente wat nou uit NUSAS getree het beywer hul vir 'n breë organisasie, wat alle studente sal insluit.** Vir die doel wil hulle 'n samespreking reël met die studenterade van die ander Universiteite. Intussen het die Afrikaanse studente voortgegaan en afgevaardigdes na die onlangse A.S.B.-kongres gestuur.

Baie Afrikaners is te vinde vir samewerking met die Engelse studente in 'n breë organisasie, terwyl 'n ander groep tengunste is vir aparte organisasies vir die Afrikaanse en Engelse studente; elke groep kan dan sy eie kultuur uitleef en dan saamwerk op gemeenskaplike terreine, soos o.a. teen kommunisme, of die reël van oorsese toere. Laasgenoemde beleid is natuurlik die gesondste.

Noudat NUSAS nie meer deur die SVR erken word nie, het 'n groep studente 'n organisasie **nog meer liberaal as NUSAS gaan stig.** As groep het hulle die onlangse SVR-verkiesing

(Vervolg op bls. 5, kol. 2).

# Uit „Die Wapad" van September 2048.

Hiermee wens die redaksie van „Die Wapad" sy gelukwensing te bring aan professor doktor **Duneel H. H. Daanlof** vanweë die innige prestasie wat hy behaal het deur die Westelike Transvaalse navorsingsspan met sy persoon te belas. Die redaksie wens mee te deel dat hierdie eerbewys professor doktor Daanlof in die aangesig gewerp is op grond van 'n antikwariese tesis oor die lente-aktiwiteite aan die P.U.K. van 'n eeu gelede, wat op aangrypende wyse van sy griffel verskyn het. Uit desperaatheid plaas die redaksie die universele tesis van professor Daanlof ter insage van sy lesers:

„Heil die leser. Laat dit aan u bekend word dat ek, professor doktor Duneel H. H. Daanlef, na 'n fanatiese studie die lente-aktiwiteite van die P.U.K. in die jaar 1948 my wis en wete gemaak het.

„Met die vat-vat van die lente kon die oer-P.U.Kaners die lewensdrang wat borrelend in hulle opgebruis het soos 'n Coke uit 'n oor-vol botteltjie, nie in toom hou nie, kon hulle dit nie strem nie, moes hulle daaraan uiting gee, en . . . hulle het.

„'n Kronkelende weg, 'n baan, is deur hulle uitgesoek, ja, die weg het gekronkel soos 'n olifantslurp wanneer die eienaar daarvan deur 'n atoomskerf getroffe word. Langs hierdie krullende weg was hulle van plan, ja, het hulle hulle dit ten doel gestel om op pedaal-aangedrewe voertuie met mekaar te wedywer, ja, hulle wou so met mekaar in geding tree.

„Weens die feit dat die aantal wedyweraars groot van getal was, moes hulle noodgedwonge in sarsies jaag, ja, hulle kon nie almal gelyk voortstu nie.

„Omdat 'n hitte, byna gelyk aan die temperatuur van 'n sleg-geghriesde atoomenjin, die mededingers beetgepak het, het 'n barmhartige hom daartoe genoop gevoel om hulle, soos hulle by hom verbyspoed, een vir een te benat.

„Die spoed wat met die pedaal-aangedrewe voertuie, behaal was, was lagwekkend en geen wonder dus dat sommige bestuurders wou voel of die grond sag was nie. Andere was egter minder nuuskierig en het die wedloop voleindig.

„Groot was die entoesiasme onder die aanskouers, en groot die toejui-

(Vervolg op bls. 5, kol 2).

**HORLOSIE STUKKEND?**

BRING DIT NA DIE

Europese Fabrieksgeoefende Horlosiemaker en Juwelier

**P. H. JOB**

KING EDWARDSTRAAT 51
(oorkant Queen's Hotel)
POTCHEFSTROOM.

**DANILATOS UITRUSTERS.**

*Die Winkel vir Waarde.*

ONS SPESIALISEER IN
KLERASIE
VIR MANS EN SEUNS.

Besoek ons en oortuig uself.

Hoek van Lombard- en King Edwardstraat, Potchefstroom.

Uit Oud-Studente Pen . . . . .

# HERINNERINGS AAN ONTGROENING

## MNR. H. VENTER DEEL MEE.

**Daar word deesdaags baie geskryf en vermoedelik ook gepraat oor die studentegees aan die P.U.K., en uit alles moet afgelei word dat die gees 'n laagwatermerk bereik het—as soiets kan gebeur! Tog is dit verblydend dat daaroor geredeneer en gedisputeer word: dit op sigself is reeds 'n teken van lewe. Daar word ook na verskillende middele gegryp om hierdie laksheid teë te gaan, en ontgroening word blykbaar beskou as een van die noodsaaklikste vereistes om 'n gesonde P.U.K.-gees te bewerkstellig.**

Ek vermoed dat die versoek om hierdie artikel gebore is uit hierdie verlange na 'n behoorlike inlywing van nuwelinge. Moontlik was die aanleiding ook om iets te wete te kom van die wyse waarop in die gryse verlede ingelyf is. Ek moet dan ook dadelik sê dat alles toe ook nie in die haak was met die ontgroening nie, maar dis deur die nuwelinge met 'n bewonderenswaardige gelatenheid verduur. 'n Ystere strengheid is altyd gewaardeer, gemeenheid is onthou—want ook dit was ongelukkig daar.

Ons groep van 1933 beroem ons daarop dat ons die laaste seksie is oor wie se onskuldige Matriekkoppe die ontgroening in sy wesenlike en volle geweld losgebars het. Ons het natuurlik as naïewe, onbevange en argelose seuns op Cachet afgestap—soos dit toe reeds eeuelank gebeur het! Daar kom die eerste ontnugtering—as jy nie reeds onderweg uitgeruil is en 'n voorsmaak van wat daar wag, gesmaak het nie. Vandaar af vind die prosessie plaas van groenes belaai met bagasie. Op hierdie wyse word jy ingelyf in een van die eerste vereistes vir volbloed-P.U.Kanerskap — hulpvaardigheid. Op hierdie stadium word die hulpbetoon met erns bewys, want 'n gemoedelike glimlag van begrype word bejeën met die barse bevel: "Sluk darie lag!" **Die ontgroening is erns, dodelike erns.**

Dit was die begin van die 3½ weke van ontgroening, waarby die lyf nooit die genot gegun is om homself weg te steek of met gerustheid aan Morpheus toe te vertrou nie. Soos een lang reeks verskyninge en tonele trek dit nou voor my geestsoog verby: ons hele ou seksie—van my ou ou lang vriend af (van die persoon is daar ook 'n artikel in die uitgawe—Red.) met sy "Stetson" skeef op sy kop (anders sit dit nie reg nie!) tot by die bedeesde ou Mossie—almal in groter of minder mate verwese maar lotsverbonde onder die verskrikking. Die aantree voor Heimat voor en na ete, die aantree saans, die aantree smorens—aantree tydig en ontydig, bedags en snags, al na die willekeurige diskressie van die ouhere. Enige tyd was aantree-tyd! Die berugte hof van Hades, die vrugtefees— waarvoor die Bult se boorde die eetgoed en ammunisie moes lewer, sonder verlof deur die groenes versamel wanneer hulle nog 'n bietjie só begeerde rus kon raap—die Saterdagaande waarop daar ge-"call" moes word (die naam en adres van die skone moes by die patroon ingedien word, en hy kon te enigertyd sy opwagting daar maak); die groetery, wanneer die „spoed zero zijn zal" en die hoed of hoofbedekking tot 'n minimale en maksimale **hoogte gelig moes word.** 'n Mens dink met weemoed aan al die dinge terug, al is daar ook oor ons met 'n ystere hand geregeer; en **bo alles en almal het getroon die gevreesde "pompe hadi" vir hulle wat nie wil hoor nie.** Hierdie drie aande waarop hy gespreek het, is die hoogtepunte van die ontgroening: dan is alle oortredings teen die reëls gestraf met gepaste vermanings maar weer met dieselfde dodelike erns.

Aan die einde van hierdie martelisasie kom die ontgroeningsgeselligheid, en na die sing van die studentelied kon die drake die groen-en-rooi strik van die "ventrculi morcagni" verwyder, en hulle is met ope arms verwelkom as volbloed-studente—en hoe het baie van ons nie terugverlang na die tyd toe jy maar 'n nederige slaaf

(Vervolg op bls. 10, kol 2).

**INGRAM SE BOTTELSTOOR**
(Eienares: Mev. C. M. INGRAM).

INGEVOERDE
en
KOLONIALE
WYNSOORTE
en
SPIRITUALIEË.

**P. GROBBELAAR**
**FOON 331.**
**KING EDWARDSTRAAT 114,**
**POTCHEFSTROOM.**

PRAKTIESE SNYER
EN KLEREMAKER.

★

Distribueerder van
Rex Trueform Klerasie.

**W. J. SPAVINS EN SEUN**
VIR ALLE
Elektriese Benodighede,
Draadlose, Koelkaste.

**KERKSTRAAT 65,**
**POTCHEFSTROOM.**

# TOER:
## Toneel-Voetbal.

Die eerste toer wat die Toneel en Voetbal gesamentlik onderneem het, het in Julie 1948 plaasgevind. Hoewel die toer lank was het die geselskap volgehou en dit tot 'n groot sukses deurgevoer.

**Oom Hansie Schultze het 29 Junie met 'n puik toneelgeselskap en met 'n baie ligte voetbalspan van Potchefstroom af vertrek na Noord-Transvaal.**

Van die begin af het dit geblyk dat die toer 'n sukses gaan wees. Inderdaad was dit dan ook 'n skitterende toer.

Met ons puik afgerigte toneelspelers het ons altyd vol sale gehad en die kritiek op die toneelspel was dat die vertolking wonderlik was. Die deelnemers het dan ook altyd hul beste gelewer en ons wil hulle graag gelukwens.

Die voetbal was baie mooi. **Met slegs vier eerstespan spelers en die res tweede en onder-negentien spelers, het ons die sterkste span in Noord-Transvaal met 11 punte teen 3 geklop.**

**So 'n universiteits-toerspan is egter nie net daarop uit om te wen nie, inteendeel hulle wil mooi voetbal speel al moet hulle ook verloor.** Die span het altyd mooi oop voetbal gespeel en die plekke wat ons besoek het, was hoog in hulle skik met die lewendige spel.

Dit is genoeg as so 'n toerspan sy universiteit, en sy beginsels aan die buitewêreld getoon het, as dit bereik is, is daar werklik al baie gedoen en dan het die toer sy doel bereik.

Ook finansieël het die toer sy doel bereik nl. om die onkoste te dek en nog 'n wins van 'n paar honderd pond te toon. Maar dit het nie vanself gekom nie. Daar moes gewerk word en hieraan het elke toeris deelgeneem sowel Oom Hansie.

Dus geluk aan Oom Hansie en al die Pukke wat aan die toer deelgeneem het.

Lank leef die Pukke!!

"SHIVERINGTON MacNASTY."

„'n' Vrou bekommer haar oor die toekoms totdat sy 'n man kry, maar die man bekommer hom nooit oor die toekoms totdat hy 'n vrou kry nie."

(Vervolg van bls. 9, kol. 2).

bang sy verloor haar aantreklikheid en individualiteit.

Hierdie motiewe rus in die vrou se karakter—sy het liefde in oormaat. Mooie, skone, vurige en opregte liefde. Ja liefde wat alles gee, liefde wat groei tot 'n opstuwende krag—maar . . . . .

Hierdie liefde is vir haarself. Maar die vrou is ook 'n kunstenaar—die een skilderstuk na die ander en die een prentjie na die ander word voltooi. Net jammer dat kort, kort 'n ander prentjie opgehang word. Dit is nie verkeerd nie. Dit bewys net haar veelsydigheid en haar sin vir humor.

(Vervolg op bls. 11, kol. 2).




U/S. 352

# 'N KRITIES-FILOSOFIESE BESKOUING OOR DIE VROU!

Ons hou maar almal daarvan om belangrik te voel.—Ja selfs vrouens hou ook daarvan! Omdat die vrou van die P.U.K. hierdie jaar nooit in „Die Wapad" bespreek is nie (weens onbelangrikheid), en omdat ek oor 'n ontfermende gees beskik, het ek besluit om so 'n paar gedagtes oor hierdie wesens uittespreek. Ons hoop hierna voel hulle weer belangriker.

'n' Filosofiese beskouing oor die vrou is uiters moeilik, want 'n mens weet nie wat jy aan haar het nie. Met die spoed van 'n gevleuelde Pegasus snel sy verby, en as jy jou oë kom uitvee het jy nog net te doen met haar skadubeeld. As ek my dus waag om oor 'n vrou te filosofeer, dan filosofeer ek oor 'n skadubeeld. Wat nou is 'n skadubeeld?—Dit is niks anders as 'n donker, swart, sinlose kol. Om nou tot die saak te kom—ons filosofeer oor 'n donker kol . . . . , en 'n donker kol is NIKS! Om nou verwarring te voorkom sal hierdie skadubeeld oftewel donker kol oftewel niks, met die term, **vrou** aangedui word.

Wat sien ons as ons na die vrou kyk? 'n Gesig 'n liggaam en 'n kleredrag! Dit hang af van omstandighede of die vrou die gesig, die liggaam of die kleredrag meeste beklemtoon. Haar gesig is die weerspieëling van wat in haar binneste omgaan (of nie omgaan nie). So, in die woorde van A. G. Visser kan op haar gesig gelees word die „sagtheid van die tortelduifie," maar ook „die felle wreedheid van die tier." Haar gesig kan aantrek, optrek en verrek. Wat die liggaamsbou betref: Dit is soms natuurlik en soms nie. Maar as oor hierdie onderwerp gefilosofeer moet word, loop 'n mens gevaar om jou skuldig te maak aan realisme of spekulatiwisme of idealisme.—Ons kan nie hier bly nie. Die filosoof steek nie vas by die toevallige en onbelangrike, soos bv. gesigte nie. Die volgende wat ons tref is die vrou se handelinge om maniertjies. Hier onderskei ek drie belangrike eienskappe.—Standvastigheid, liefdadigheid en spontaneïteit. Hierdie drie eienskappe is innerlik verbonde. Haar liefdadigheid is soos die flikkerende kersvlammetjie,—warm en aantreklik, gesellig en inspirerend. Dit trek jou, . . . . jy moet gaan—met een sisgeluid word jy verskroei en vernietig. Nou het die lieftalligheid skielik in standvastigheid verander. Sy is nou onwrikbaar en hardvogtig—ja onbeweeglik. Maar wag! Wat nou? Wat klim soos 'n rankplant daar langs jou op? Dit is dieselfde vrou—onverstaanbaar? Nee dit is spontaneïteit. 'n Uiters pessimistiese filosoof het bogenoemde drie eienskappe as bevoeterdheid en gekheid bestempel.

Wat is die motiewe en beweegredes vir hierdie handelinge van die vrou? Volgens Kant is daar twee motiewe. Hy omskrywe dit asvolg: Sy is lief vir die mooie en die skone. Soos 'n skoenlapper wil sy van blom tot blom beweeg met 'n heerlike aroma om haar. Sy wil lag en juig en wil die lewe met sy ryke variasie-vorme geniet. Dit kan ydelheid genoem word. Maar verder: Sy is 'n handhawer; sy wil nie gedomineer word nie, sy wil aantreklik bly, onverstaanbaar en misties. Dit noem ek vrees. Die vrou is bang dat daar nie van haar notisie geneem word nie. Sy is

(Vervolg op bladsy 8, kol. 2).

*Aan die wat lief het:*

**Skenk 'n foto wat die romanse sal bevorder.**

*Aan die wat presteer:*

**Sorg dat u trots sal wees op die fotografiese bewys van u prestasies.**

*Aan die Intelligentsia:*

**Die professore en lektore wat ons binne die eerste ses weke reeds ondersteun het, of ondersteuning toegesê het, of waardering vir ons werk uitgespreek het, word van harte bedank. Ons strewe daarna om mense met onderskeidingsgawe te bevredig.**

*Aan die wat aarsel:*

As Kritzingerfoto's só „anders" is dat hul op uitstallings bekroon word dan is dit omdat die leiding van die kunssinnigste S.A. fotograwe nie vrugteloos was nie.

**J.N.J. KRITZINGER**

*FOTOGRAAF,*

**KERKSTRAAT 84,**
**POTCHEFSTROOM.**

*LEES*———

Die Westelike Stem

Enigste Afrikaanse Weekblad wat gepubliseer word vir Wes-Transvaal.

———:o:———

SPORTSBERIGTE, ALGEMENE NUUS.

**ANELLAS**

**vir**

**ALLES EN NOG WAT.**

Smaaklike Visgeregte,

Koue en Warm Etes.

Koue en Warm Dranke.

**VRIENDELIKE EN DEEGLIKE DIENS WORD GEWAARBORG.**

**STUDENTE !**

Ons probeer die besmoontlike diens lewer onder moeilike omstandighede Met u ondersteuning sal ons diens verder verbeter.

**Ondersteun u eie Boekhandel:**

**DIE**

**TRANSVALER BOEKHANDEL**

**KERKSTRAAT 90,**
Foon 497.
**POTCHEFSTROOM.**

BESOEK

Annette

(EDMS,) BPK.

*121 King Edwardstraat*
*POTCHEFSTROOM*

ROKKE en HOEDE

VIR ALLE

GELEENTHEDE

(Vervolg van bl. 7, kol. 2).

was nie!

'n Groot waarde van die ontgroening het waarskynlik in die "nasorg" gelê. Nou het die oùes in die jonges belanggestel—'n liefdevolle belangstelling. Daar is oor en weer gekuier, oor die jonges is gewaak, en vaderlik is hulle vermaan teen uitspattinge en laksheid. Hulle is saamgeneem na die tradisionele kuierplekke van P.U.Kaners in die dorp, want daar was ook sulke uitgesogte plekke waar gekuier en tee gedrink is—gewoonlik Sondagmóres na kerk en smiddags maar ook in die week saans so 'n uurtjie na ete.

As ek nou die ontgroening so van agter en na baie jare beskou, dan lyk dit vir my asof daar sekere eienskappe by die ouhere aanwesig was wat hulle bevoegd maak om te ontgroen: hulle moes ware P.U.Kaners wees, draers van die gees en tradisie van die P.UK..; hulle moes besadig, waardig en matig wees, en hulle moes teenoor die nuwelinge 'n eenheidsfront vertoon: onderlinge krakeel tussen hulle sou noodlottig gewees het.

Die waarde van hierdie ontgroening het daarin gelê dat dit opgevoed het tot ware P.U.Kanerskap, dat daar dissipline uitgeoefen is, dat daar hoflikheid aangekweek is teenoor die oueres (al loop jy twintigmaal op 'n dag by 'n man verby, groet julle makaar elke keer); dat 'n onderlinge solidariteitsgevoel aangekweek is, eers tussen die groepe afsonderlik en daarna gesamentlik as P.U.Kaners. Daar is wedersyds kennis gemaak—elkeen het almal geken—die goeie gewoonte is by jou ingeskerp om die kennis-

(Vervolg op bls. 11, kol. 2).

## *SY KRAG WORD VOLBRING IN ONS SWAKHEID.*

*Ek moes my losmaak van my aardse weë*
*maar was uit swakheid daartoe nie instaat*
*nie; ja, my voet sou nooit die regte pad betree*
*het nie, as ek van God en mens verlaat*
*my eie heil moes soek het. Goddank, nee!*
*Hy kan alleen volmaak bevry—*
*God is 'n God van vryheid ook vir my!*

* * * *

*My oog was, soos my gees, byna verblind*
*deur sonde. My sintuie verdof. Ek het*
*doelloos tastend voortgestrompel. Kon U kind*
*O Heer, hom teen die wrede lis verset*
*van Satan? God sy geloof! Ek vind*
*dat Christus blindes ook bevry—*
*God is 'n God van lig, ook lig vir my!*

* * *

*Ek wou in eie krag my lewensstryd self voer*
*deur skrik en onheil. Ag, ek het gefaal ....*
*Versoekinge, wat uit hul skuilings loer*
*is sterker as die mens.. U het bepaal*
*dat na 'n val my lippe slegs sou roer*
*flou prewelend, op my knieë neer:*
*„U is 'n God van Sterkte: red my, Heer!"*

* * *

*Ek het my eie vlees gemin, totaal deurdrenk*
*met haat teenoor my naaste en God. Maar toe kasty*
*'n liefdevolle Vader my; Hy breek en krenk*
*my selfgevoel. Teleurstelling en smart was my*
*tot heil en seën gewees. Want Christus skenk*
*my ware Liefdesvreug, volkome vry;*
*God is die God van Liefde, ja, vir my!*

*D.S.E.*

Die enigste verskil tussen 'n graf en 'n groef is net 'n verskil van diepte.

**W. J. GROBBELAAR**

DAMES EN HERE HAARKAPPER.

*MARCEL EN WATERGOLWING.*
*PERMANENTE HAARGOLWING.*

*Helen Curtis Machineless Oil Perm,*
*Jamal Machineless Cream Perm.*

BEKWAME BEHANDELING GEWAARBORG.

Tabak-handelaar en Fantasiegoedere.

Tel. 330. **KERKSTRAAT 92,** **POTCHEFSTROOM.**

# KORRESPONDENSIE

Geagte hoofredakteur, geagte al die sub-redakteurs, geagte geagtes, geagte leser ek wil vir u 'n verhaal vertel wat in die jare vroeg afgespeel het. Dit was in die tyd toe ons almal nog jonk was en in die tyd toe daar nog vrede op die wêreld was. Ja, dit was in die dae toe dit nog baie gereën het en daar feitlik geen verskil tussen somer en winter was nie.

In die dae toe Dr. Makou nog wydsbeen geloop het en die kranige Napoleon met sy hordes die Boesmanskilderye ontvoer het en dit met reuse winste op die Swartmark van Berlyn teen 'n appel en 'n ei verkoop het. Dit was 'n jaar wat mank gegaan het aan al die gebeurtenisse wat plaasgevind het. In dieselfde jaar het daar 'n jongeling op die voorgrond getree. Hy is gebore op 'n onbekende plek, twee jaar voor genoemde jaar. So vinnig was sy verskyning dat niemand kon wis waar hy so skielik vandaan kom nie. So magnefiek was sy verskyning dat daar onmiddellik 'n mosie van volle vertroue in hom sowel as sy voorouers gestel is.

Toe die jongeling Hoggom Jattingh homself op die voorgrond gestoot het, deur die toedoen van ander het hy 'n nederige verwaandheid aan die dag begin lê. Reeds op jeugdige leeftyd het hy homself as 'n vroue-hater beskou en het hy homself begin wy aan die studies van sy voorvaders nl. die navorsing op die gebied van wilde vrugte.

Na vele jare se vrugtelose navorsing het hy tog daarin geslaag om aan homself publisiteit te verskaf, deur 'n boek uit te gee sonder enige naam of titel. En dit is hierdie boek wat so belangrik geword het in die moderne plantkunde van Langenhoven.

Net so skielik soos hy verskyn het, het hy ook verdwyn. Die mense sê hy het een of ander opvoedkundige inrigting in die land gaan besoek vir 'n onbepaalde tydperk, miskien is dit so. Ek wil dan ook net op hom 'n beroep doen om nie sy studies vaarwel te sê nie, want hy sal nog veel vir die samelewing beteken.

---

(Vervolg van bls. 10, kol. 2).

gewingborde voor die Hoofgebou te bestudeer (daarvan moes by die patroon verslag gedoen word); die gebruik is aangekweek om ook op Potchefstroom kerktoe te gaan (albei dienste in die onderskeie kerke moes gereeld bygewoon word, en aan die verrigtinge moes deelgneem word!); die studenteliedjies is geleer en gesing—die sedes en gewoontes van 'n P.U.K.-student is aangekweek. Kortom, die ontgroening het van ons gemaak volbloed-P.U.Kaners wat stampe en stote kon verduur en wat altyd met liefde aan ons Alma Mater kan terugdink.

---

(Vervolg van bls. 8, kol. 3).

Dit alles rus in die vrou se wonderlike aanpassingsvermoë. Die vrou is tog so plasties. Kom ons noem dit maar onstabiliteit.

Nou kan ons eers begin filosofeer—maar genoeg!

Nou ten slotte: Die skrywer van hierdie artikel is 'n kluisenaar. Hy

(Vervolg op bls. 12, kol. 3).

As die ryke dikwels oor sy armoede praat, glo hom; hy vertel nie 'n leuen nie.

* * *

Skinderbekke het gewoonlik geen verstand nie, maar altyd tog 'n goeie geheue.

* * *

Moenie haastig wees nie behalwe as jy vlooie vang.

STUDENTS of Potchefstroom Universiteitskollege will find all the books they require for prescribed reading or for hours of leisure at:—

THE CENTRAL NEWS AGENCY LIMITED

89 KING EDWARD STREET

POTCHEFSTROOM.

P.O. Box 286. Phone 114.

* * *

WE SUPPLY STATIONERY TOO!

VRA VIR BENNIE OSLER

RUGBY-STEWELS

VERKRYGBAAR BY:

DE BRUYN SE SKOENWINKELS

BEPERK,

POTCHEFSTROOM.

Telefoon 821.

J. HEIDEMA

(Teenoor Gereformeerde Kerk).

KERKSTRAAT 30,

POTCHEFSTROOM,

vir

Raleigh en Phillips Fietse,

en ander

Matchless en Velocette Motorfietse.

OOK

Olivetti Tikmasjiene.

POTCHEFSTSROOM
DRY CLEANING WORKS
FOON 789. POTGIETERSTRAAT 18.

PROBEER ONS
VLEKLOSE DROOGSKOONMAAK EN
SPOEDIGE AFLEWERINGS.

Eienaar:
P. D. DE WET POTGIETER
POTGIETERSTRAAT, POTCHEFSTROOM.

## ONS—HUISERS.

Snaakse dinge en snaakse bewoners of te wel eienaardige goeters dwaal soms vry en doelloos rond.

GIEL: Die Mofskaap, meer mof as skaap, draf orals saam met Sirkus rond omdat Kalfie in die hok is.

BING: Die wit olifant, nydig in sy stem op al wat draak is. Sy keel die tel niks meer waarvolgens sy grootheid geskat word.

LOUIS: Die glibberige, die vis. Kom meer op droë grond as in die water en tog meer in die visdam as daar buite.

ABIE: Die lenige, die sagte, die grasieuse met mooie witte arms wat saggies om sy liefste vou.

BUSSIE: Die bussie, of vaaitjie, nee nee dis weer foutief 'n K.G. deur ons diere goed bekend, vir visdam en visdam Kruger.

ERASMUS: Kees van die Kalaharie is nog altyd deur hees van die skree en lawaai op die fees van klein kees.

VENTER: Kameel en 'n perd, te oordeel na sy bene nie eers 'n trippens se weddenskap werd.

GATHIEPIE: Ontsnapte uit die antieke versamelings van ou Toetenkamen. Nee toemaar dis netmaar 'n droom waaruit jy net nou sal ontwaak.

TWAKKIES: Ja twakkies is hier volop, maar nie twakkies om te rook. Volgens gissings, droë, verkrimpte twakkies uit die snuifdoos van Ou Farao II.

CHRIS. LIEBENBERG: So stadig en deftig stap hy daar. Dis naar maar dis waar, die Pou, sowaar.

P. D. v.d. WALT: Die swarte, die kraai. Het sommer van kleinsaf lawaai. Raai-raai nê, sê hy: „Hou jul bekke ek werk."

VILJOEN: Skankwan van die duine, met 'n magie wat nou rek van al die baie eetgoed hier.

HOGEBOESEM: Laughing Jackass, was vroeër net Jack maar wegens onbekwaamheid nou meer ass as Jack.

VENTER: O die stof. Bly stil kêrels dis nie stof dit is Ghandi se assies wat hier ons lug bederf.

„'n Mens moet soms seermaak om reg te maak."

* * * *

„Jouself beweeg, is die swaarste besinning; jouself oorwin, is die skoonste oorwinning."

## *DIE DAMWAL*

*Onstuimig huk die nagwind om my heen,*
*Hy bring met hom die ruik van somerreën.*
*Hy skep die golwe dat die water spat*
*In wit skuimstrepe, en hy smyt hul teen*
*Die kant met harde klap, en as hy nat*
*Is, skud hy die druppels van hom af sodat*
*Dit klett-rend om hom val, en storm weer heen,*
*En jaag die golwe teen die klipwal plat.*
*Die magte in my sleur my willoos rond,*
*Hul skep die golwe op vanaf die grond*
*Van my bestaan en gooi hul al maar dáár*
*Waar U die strafway gooi vir al my sond'.*
*Ek weet: ek het verlaat u ou verbond,*
*Maar, Heer, wil U tog weer die wind bedaar?*

*L.D.*

(Vervolg van bls. 11, kol. 2).

weet dus nie veel van die vrou soos sy werklik is nie. Hy kan haar nie waardeer nie. Sy filosofie kan ons dus maar as naturalisme bestempel. Maar die vraag is: Hoekom word 'n mens 'n kluisenaar? Is dit nie omdat jy te veel die ou lewe in sy naakte vorm aanskou het nie?

MNR. X (M. SPYK.)

DIE LOKALE HAARKAPPERS
LANGSAAN KING'S HOTEL.
Foon 902
Eienaar:
P. W. TALJAARD
SKOONHEID EN DIE BESTE DIENS GEWAARBORG.
SPREEK ONS I.V.M. ONS MAANDELIKSE SKEMA.

Gedruk deur Die Westelike Stem, Potchefstroom.